

4 November

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 1:1-10
Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 1:2-3

Geloof, liefde en hoop!

Paulus se hart loop oor van dankbaarheid omdat God gelowiges roep en toerus om hulle geloof waarlik te kan uitleef. Hiervan is die gemeente in Tessalonika 'n voorbeeld. Paulus getuig van hierdie gemeente:

- *Die werk van hulle geloof.* Hulle het ten spyte van uiters moeilike omstandighede, soos Handeling 17 dit skets, besluit om die Here te volg. Die blydskap waarmee hulle dit gedoen het, het getuig van die Heilige Gees se werking in hulle lewens.
- *Die inspanning van hulle liefde.* Wanneer jy waarlik God se liefde in jou eie lewe ervaar, maak dit jou hart en hande oop om met net soveel liefde te dien. Dit verg harde werk, dikwels slawewerk, maar so leef jy die liefde en die voorbeeld van Christus uit.
- *Die volharding van hulle hoop.* Hulle lewens het absoluut getuig dat hulle God op sy Woord neem. Hulle kon breek met die afgode in hulle lewens en hulle volledig toewy aan die boodskap van verlossing en die wederkoms van Jesus Christus.

Net so word ons opgeroep om met die krag van die Gees ons geloof uit te leef, met liefde te dien en te volhard in die hoop op die wederkoms van ons Here Jesus Christus.

Sing: Skrifberyming 15-7:5, 6

Ds. WGM Kotze (Rooihuiskraal)